NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

# DANSSTUDIES

Tyd: 3 uur | 150 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 4 musieksnitte. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae genommer is.
4. Jy moet tussen VRAAG 2 en VRAAG 3 **kies**. Beantwoord al die ander vrae.
5. Alle antwoorde moet in opstel-/paragraafformaat wees tensy anders aangedui word.
6. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
7. Laat DRIE reëls na elke antwoord oop.
8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied. Geen Tippex word toegelaat nie.
9. Krediet sal gegee word (waar van pas) vir:
   - Vertolking en verduideliking
   - Bewys van persoonlike waarneming en begrip
10. Jy mag opstaan en jou lyf by jou lessenaar beweeg vir sommige anatomievrae.
11. Gebruik asseblief die stem-etiket vir elke musieksnit om te bepaal na watter snit geluister moet word vir elke vraag. Dit is **raadsaam** om Afdeling B eerste te beantwoord. Luister na die musiek op die CD/MP3-speler en beantwoord die vrae.

---

IEB Copyright © 2021

## AFDELING A DANSGESKIEDENIS EN -TEORIE

### VRAAG 1

Verwys na die tabel van die voorgeskrewe choreograwe en danswerke hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERK | SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|---|---|
| Alvin Ailey | *Revelations* | Alfred Hinkel en Magnet Teater | *Cargo* |
| Sir Kenneth Macmillan | *Romeo and Juliet* | Alfred Hinkel | *Last Dance (Bolero)* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* | Gregory Maqoma | *Four Seasons* |

Skryf 'n **vergelykende** opstel deur **EEN** van die internasionale danswerke en **EEN** van die Suid-Afrikaanse danswerke wat jy bestudeer het, te kies.

Gebruik die volgende kolpunte om jou opstel te help lei wanneer jy oor jou gekose werke skryf.

- Noem die TWEE danswerke wat jy gekies het.
- Verskaf biografiese inligting oor **albei** die choreograwe en verduidelik die verskillende agtergronde, opleiding en inspirasies wat hulle choreografie beïnvloed het. (4 × 2)
- Die oorsig en intensie van albei danswerke. (3 × 2)
- Vergelyk die ooreenkomste en verskille van die produksie-elemente wat in die werke gebruik is. (5 × 2)
- Brei uit oor die bewegingswoordeskat wat gebruik is om die karakterisering en atmosfeer in elke werk te bou en gee voorbeelde uit albei werke. (6 × 2)
- Noem die danswerk wat jy die meeste geniet het en motiveer jou mening van die werk. (4)

Gebruik die volgende rubriek om jou antwoord te lei.

| Vlakke | Kriteria |
|---|---|
| **7 (40–35 punte)** | Die kandidaat se antwoord is duidelik, insigryk en akkuraat wanneer die danswerke vergelyk word. Hy/Sy het alle relevante biografiese inligting verskaf, die danswerk uitvoerig bespreek en duidelik en oortuigend gestaaf hoe die choreograwe bewegingswoordeskat en produksie-elemente gebruik om hul idees oor te dra. Krities oor gekose werk nagedink. |
| **6 (34–30 punte)** | Die kandidaat se antwoord is goed, toon 'n mate van insig en akkuraatheid. Hy/Sy sluit goeie inligting in, gee insig in hoe die choreograwe bewegingswoordeskat en produksie-elemente gebruik om hul idees oor te dra. |
| **5–4 (29–22 punte)** | Die kandidaat se antwoord is billik, maar insig en akkuraatheid ontbreek. Hy/Sy sluit 'n mate van inligting in, gee voldoende insig in hoe die choreograwe bewegingswoordeskat en produksie-elemente gebruik om hul idees oor te dra. |
| **3 (21–16 punte)** | Die kandidaat se antwoord toon 'n mate van kennis van die feite, maar insig en stawing ontbreek. Hy/Sy sluit baie min inligting in en verskaf min insig in hoe die choreograwe bewegingswoordeskat en produksie-elemente gebruik om hul idees oor te dra. |
| **2 (15–9 punte)** | Die kandidaat se antwoord is swak, toon baie min insig en akkuraatheid. Die inligting oor hoe die choreograwe bewegingswoordeskat en produksie-elemente gebruik om hul idees oor te dra, bevat nie detail en stawing nie. |
| **1 (8–0 punte)** | Die kandidaat slaag nie daarin om 'n toereikende antwoord op die vraag die gee nie. |

**[40]**

IEB Copyright © 2021

**BEANTWOORD ÓF VRAAG 2 ÓF VRAAG 3**

## VRAAG 2

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

2 Maart 2019
Deur Jessica Poulter

**_Beats on Pointe_ voortreflike hibridiese dansstyl van hip-hop en ballet**

Masters of Choreography se *Beats on Pointe* het hul eie hibridiese styl van neoklassieke en hip-hop vertoon wat gehore se harte by die Athenaeum teater in Melbourne gesteel het.

Dit was eers in die tweede bedryf wat die opvoering werklik die verbeelding aangegryp het. *Beats on Pointe* het minder gegaan oor watter dansstyl die beste was (hip-hop of ballet) en meer oor die ineensmelting van die twee style tot 'n hibridiese styl. Die choreografie het momente van albei style verweef en kreatiewe elemente gebruik soos UV-beligte tutu’s en flitsligte om die balletgedeeltes tot by dieselfde energie en intensiteit as die stedelike gedeeltes te kry. Elemente van sang, beatbox-musiek en tromme is alles by die produksie ingevleg om nie net die dansers se musikale vaardighede te beklemtoon nie, maar ook diversiteit by die term "beats" (slae) in die titel te voeg.

*Beats on Pointe* se rolverdeling moet gelukgewens word met die aanbieding van 'n kragtige vertoning wat die ware talent van die Australiese dansbedryf demonstreer. Ons kan nie wag om te sien hoe dit met hul wêreldtoer gaan nie.

[Bron uit: <https://www.dancewriter.com.au/reviews/beats-on-pointe-smashes-hybrid-dance-style-of-hip-hop-and-ballet/>]

2.1 Nadat jy die uittreksel uit Jessica Poulter se artikel gelees het, bespreek jou begrip van die term "hibridiese dansstyl". (2)

2.2 Gebruik die woorde "dansgenre" of "dansstyl" en voltooi die onderstaande sinne (2.2.1 & 2.2.2).

2.2.1 … is die kategorie van dans, d.i. Ballet. (1)

2.2.2 … is hoe dit uitgevoer word, d.i. Neoklassieke ballet, Romantiese ballet, Klassieke ballet. (1)

2.3 Baie choreograwe het 'n kombinasie van style of tegnieke in hul danswerke gebruik. Noem EEN van die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het wat meer as een dansstyl bevat. Bespreek hoe effektief, volgens jou, die choreograaf se keuse van dansstyle en/of tegnieke was om die danswerk te versterk. (4)

2.4 As deel van jou graad 12 finale praktiese eksamen het jy 'n tegniese klas in jou gekose danskeusevak uitgevoer. Noem jou gekose dansgenre. Lys VIER beginsels wat hierdie genre omskryf. Verduidelik hoe dit in jou tegniese klaswerk gebruik is. (8)

2.5 Buiten die tegniese klaswerk wat jy uitgevoer het, het jy ook jou EIE dansstuk gechoreografeer. Bespreek VIER van die choreografiese tegnieke en elemente wat jy gebruik het. (4)

**[20]**

IEB Copyright © 2021

**OF**

## VRAAG 3

3.1 Gee 'n duidelike definisie van die term *Dans*. (2)

3.2 Bespreek die verskil tussen "konsertdans" en "kulturele dans". (6)

3.3 Mense dans vir baie redes. Lys VIER funksies van dans in die samelewing. Brei uit oor hoe dans van waarde in die samelewing kan wees. (8)

3.4 Dans is 'n simboliese taal en soos alle tale het dit identifiseerbare strukture en betekenisse. Bestudeer die foto hieronder en bespreek wat die beweging in die prent aan jou oordra. (4)



[Beeld uit: <https://www.google.com/imgres?imgurl=https%3A%2F%2Fobj.shine.cn>]

**[20]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2021

## AFDELING B MUSIEKWAARDERING

## VRAAG 4

Hieronder is beelde van verskillende musiekinstrumente. Kategoriseer elk van die instrumente wat 4.1 tot 4.5 volgens klankklassifikasie gemerk is.

4.1



4.2



4.3



4.4



4.5



[Beelde uit:
<https://courses.lumenlearning.com/musicappreciation_with_theory/chapter/introduction-2/>
<https://za.pinterest.com/pin/438045501227980711/>
<https://www.sonokinetic.net/>]

**[5]**

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 5

Daar is vier musieksnitte op jou CD/MP3-speler. Luister na al vier snitte en gee die volgende inligting:

5.1 Identifiseer die tydmaattekens van snitte 1 tot 4. (Benoem die snitte Snit 1 tot Snit 4). (4)

5.2 Klassifiseer die musiekgenre van snitte 1 tot 4. (Benoem die snitte Snit 1 tot Snit 4.) (4)

5.3 Luister weer na Snit 2 op die CD/MP3-speler. Gebruik die ervaring wat jy in choreografie opgedoen het en bespreek hoe jy die musiek op Snit 2 in 'n groepdans sal gebruik. Visualiseer die bewegingswoordeskat wat jy sal oorweeg en verduidelik hoe die musiek jou keuses beïnvloed het. (6)

**[14]**

## VRAAG 6

Kies VYF musiekterme uit die woordbank hieronder en definieer elke musiekterm wat jy gekies het.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| vivace | forte | grave | tempo | tekstuur | largo |
| allegretto | prestissimo | lento | decrescendo | adagio | |

**[5]**

## VRAAG 7

Toe jy die voorgeskrewe danswerke bestudeer het, het jy die choreograaf se keuse van musiek ontleed. Bespreek die musiek van 'n voorgeskrewe Suid-Afrikaanse danswerk wat jy bestudeer het. Gee inligting oor die komponis, die musiekinstrumentasie en sluit af met hoe die musiek tot die danswerk bygedra het.

**[6]**

**30 punte**

IEB Copyright © 2021

## AFDELING C ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 8

8.1 Daar is algemene mites en vals stellings oor eetversteurings. Dui aan of die volgende stellings WAAR of VALS is.

8.1.1 Anoreksie kan mense doodmaak. (1)

8.1.2 Eetversteurings raak net Kaukasiese vrouens wat goed opgevoed en van die hoër sosio-ekonomiese klas is. (1)

8.1.3 Anoreksie is 'n leefstylkeuse. (1)

8.1.4 Purgering is 'n effektiewe manier om gewig te verloor. (1)

8.1.5 Anorexia nervosa tref net persone wat ondergewig is. (1)

8.2 Linda Hamilton sê:

> "Gewoonlik het iemand wat 'n eetversteuring ontwikkel 'n vatbaarheid, met talle faktore wat betrokke is. Vir ballerinas is dit natuurlik die balletkultuur, wat mededingend en veeleisend is."

[Bron: <https://www.washingtonpost.com/national/health-science/a-ballet-of-living-hell-ex-dancer-recounts-her-battle-with-anorexia/2018/11/09/adad582c-d169-11e8-b2d2-f397227b43f0_story.html>]

Oorweeg hierdie stelling. Stem jy met hierdie stelling saam of verskil jy daarvan? Staaf jou antwoord deur die simptome, oorsake en moontlike behandeling van 'n eetversteuring te verduidelik. (10)

Gebruik die volgende rubriek om jou antwoord vir Vraag 8.2 te lei.

| Vlakke | Kriteria |
|---|---|
| **7 (10 punte)** | Die kandidaat se antwoord is duidelik, insigryk en akkuraat. Hy/Sy sluit akkurate en omvattende inligting oor verskeie simptome, oorsake en behandeling van eetversteurings in. |
| **6 (9–8 punte)** | Die kandidaat se antwoord is goed, toon 'n mate van insig en akkuraatheid. Hy/Sy sluit goeie inligting oor simptome, oorsake en behandeling van eetversteurings in. |
| **5 (7–6 punte)** | Die kandidaat se antwoord is billik, maar insig en akkuraatheid ontbreek. Hy/Sy sluit 'n mate van inligting oor simptome, oorsake en behandeling van eetversteurings in. |
| **4 (5–4 punte)** | Die kandidaat se antwoord toon 'n mate van kennis oor die feite, maar insig en stawing ontbreek. Hy/Sy sluit baie min inligting oor die simptome, oorsake en behandeling van eetversteurings in. |
| **2–3 (3–2 punte)** | Die kandidaat se antwoord is swak, toon baie min insig en akkuraatheid. Die inligting oor simptome, oorsake en behandeling van eetversteurings is gebrekkig. |
| **1 (1–0 punt)** | Die kandidaat het nie daarin geslaag om 'n toereikende antwoord op die vraag te verskaf nie. |

**[15]**

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 9

Ontleed die onderstaande beeld van die danser wat 'n pirouette uitvoer en beantwoord die volgende vrae.



[Bron: <https://www.energetiksblog.com.au/blog/2017/6/7/dance-advice-the-art-of-pirouettes>]

**Woordelys:** Pirouette (s.nw.): volle draai op die punt van die toon of bal van die voet met die ander voet wat die knie van die ondersteunende been raak.

9.1 Die beeld dui aan dat die danser 'n *pirouette* uitvoer.

9.1.1 Ontleed watter spiere betrokke is om die regop posisie van die liggaam vol te hou. (7)

9.1.2 Bespreek die belangrikheid van kernstabiliteit in die uitvoering van 'n *pirouette.* Gee DRIE redes. (3)

9.1.3 Ontleed die anatomiese aksie en spiere wat in die heupgewrig betrokke is. (4)

9.2 Verduidelik die verskil tussen goeie postuur en belyning. (2)

9.3 Lys TWEE voordele van goeie postuur. (2)

9.4 Gee die **anatomiese aksies** en die **spiere verantwoordelik** in die danser se:

9.4.1 linkerenkelgewrig (2)

9.4.2 regterkniegewrig (2)

9.4.3 regterskouergewrig (2)


9.4.4 linkerelmbooggewrig (2)

**[26]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 10

Ontleed die onderstaande posterior beeld van die bolyf en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: <https://www.thinglink.com/scene/733818036217184257>]

10.1 Noem die spiere wat A tot G gemerk is. (7)

10.2 Verskaf die spieraksies vir die volgende spiere. *(Kyk na die puntetoekenning. Elke aksie = 1 punt)*

10.2.1 Spier B (2)

10.2.2 Spier C (3)

10.2.3 Spier F (2)

10.2.4 Spier G (1)

10.3 'n Goeie manlike dansmaat maak baie op die krag van sy bolyf en arms staat. Gedurende 'n repetisie ervaar hy geweldige pyn in sy linkerbiseps. Tydens sy mediese behandeling stel die fisioterapeut die "RYKE" behandelingsmetode voor. Dui aan waarvoor die akroniem "RYKE" staan. (4)

**[19]**

**60 punte**

**Totaal: 150 punte**

IEB Copyright © 2021